

**Skriflesing:** 1 Kor 1:18 - 31

**Fokusgedeelte:** 1 Kor 1:22 – 24

<b>Verlossing – pad van - Vir een wat geroep is, is Christus die krag en wysheid van God</b>
--

## **Inleiding**

God roep mense deur sy Woord aan hulle te laat verkondig. Die kern van sy boodskap is: Jesus Christus het aan die kruis vir ons sondes gesterf en is ons verheerlikte Here. Elkeen wat hierdie boodskap hoor, word daardeur tot geloof geroep.

Almal glo nie. Die meeste weier om die boodskap van verlossing deur die kruis te aanvaar. Die Jode het die kruis as neerlaag beskou; die Grieke as dwaasheid.

In sy genade spits die Here sy roeping toe op mense uit beide Jode en nie-Jode. Deur sy Gees maak Hy mense ontvanklik vir die boodskap van Jesus Christus as Verlosser en Here. Hulle reageer positief op God se roeping. Hulle kom tot geloof.

Jy ontvang die roeping elke keer wat jy die Woord hoor. Hoe reageer jy op God se roeping? **Ons tema: Roeping - Vir die wat geroep is, is Christus die krag en wysheid van God.** Ons let op: (1) God roep almal deur sy Woord; (2) sommige wat geroep is, glo en gehoorsaam

## **God roep almal deur sy Woord**

Mense het sekere verwagtings wanneer hulle na iemand luister. So het elkeen ook sekere verwagtings van dit wat hy in die kerk hoor. Die apostel Paulus het geweet wat die verwagtings van die mense in sy tyd was. Hy spel dit uit: die Jode vra 'n teken en die Grieke verstandelike bewyse. Hy bly eenvoudig by die *boodskap van die kruis*. Hy preek Christus as iemand wat gekom het om te ly; om die volle losprys vir die mensdom se sonde te kom betaal. Hy het dit gedoen deur aan die kruis te sterf. Hiermee vat die apostel Jesus se totale lewe in vernedering saam.

Hierdie boodskap maak skeiding tussen mens en mens. òf die mens wat dit hoor, gaan verlore, òf die mens wat dit hoor, word gered. *Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God (1 Kor 1:18).*

Almal reageer nie positief wanneer hulle hoor dat Christus verkondig word nie. Die apostel teken **negatiewe reaksie uit twee oorde**, dié van die Jode (God se verbondsvolk wat ontrou aan hul God geraak het), sowel as dié van die Grieke (nie-Jode / heidene).

Die **Jode** het ervaar dat God Hom telkens in hul geskiedenis deur tekens kenbaar gemaak het. Dit het gebeur in die tyd van bv. Moses, Gideon en Elia. Hulle het Jesus daarom ook om 'n teken gevra as bewys daarvan dat God Hom gestuur het (*Matt 12:38vv.*).

Hulle het 'n Messias verwag wat in heerlijkheid kom en as oorwinnaar van alle vyande die volk, Israel, sou verhef en die koninkryk van Dawid weer sou oprig. Die ware Messias wat God stuur, sou volgens die Jode 'n koning-verlosser-regter wees wat almal vernietig wat teen God en sy volk is. Sy lewe sou bestaan uit 'n reeks oorwinnings wat bewys Hy is die Gesalfde van die Here.

Iemand wat gekruisig is, het in hulle oë niks te make gehad met die Messias wat God beloof het nie. So iemand was nie 'n geseënde nie, maar 'n vervloekte van God (*Gal 3:13*). Iemand wie se lewe tot 'n einde kom as een wat deur God vervloek is, kon geen Messias wees nie.

Vir die Jode was Christus eerder 'n struikelblok. 'n Struikelblok was vir hulle 'n ernstige saak (*Lev. 19:14; Jos. 23:13; Rig. 2:3; 1 Sam. 18:21*). 'n Struikelblok het iemand in ongeluk gestort. 'n Gekruisigde Christus was vir die Jode 'n gevaarlike struikelblok. Wie op Hom sy hoop sou bou, sou bedroë daarvan afkom.

Die **Grieke** het weer opgegroeï in tradisie van verstandelike bewysvoering. Bewyse moes gevoer word dat die nuwe leer voortrefliker was as die bekende filosofieë van daardie tyd. Hulle het geglo dat hulle moes presteer om die weg tot redding te vind. Hulle het krities gevra: Hoe kan verlossing die gevolg wees van 'n leerstelling dat 'n mens jou lewe moet verloor om dit te kan behou? Dit was vir 'n denkende Griek louter dwaasheid. Wie sou volhard in so 'n opvatting, was besig om verlore te gaan.

Kyk 'n mens mooi na beide Jode en Grieke se reaksie op God se verlossingsboodskap, sien ons dat die twee groepe eintlik **ooreenstem**. Beide verlang nadere bewyse van die betroubaarheid van God se verlossingsboodskap. Beide stem saam: God se verlossingsboodskap, die boodskap van die kruis, slaag nie die toets nie.

God gebruik 'n ander maatstaf as die mense. Sou die gemeente in Korinte bewyse daarvoor probeer vind, moes hulle maar net na hulleself en hulle afkoms kyk. Die gemeente in Korinte het oorwegend uit mense uit die onderste sosio-ekonomiese lae in Korinte bestaan. *Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie (1 Kor 1:26).*

God roep deur sy Woord almal wat die verkondiging daarvan hoor en dit glo. Anders as by die mense, gaan dit nie by God om die stand of aansien in die samelewing nie, maar net om die gelowige antwoord op sy roeping. God gaan in sy uitverkiesende genade diegene verby wat roem in hul eie wysheid; hulle magtposisie; hulle standvastigheid in die ware leer. Hy

gaan hulle verby, omdat hulle nie bereid is nie om net te glo in Jesus Christus, die gekruisigde. Hoor jy God se roeping deur sy Woord? Glo jy die kruisevangelie, of glo jy dit nie?

### **Sommige wat geroep is, glo en gehoorsaam**

Teenoor diegene wat aanstoot neem aan die kruisboodskap is daar 'n besondere groep wat volkome anders oor Christus, die gekruisigde, oordeel. Hulle word genoem *die wat geroep is*. Hier gaan dit nie om mense wat deur God geroep is deur net die Woord te hoor nie. Hier word gepraat van mense vir wie die prediking van die evangelie effektief was, mense wat die evangelie glo (1:21). Hierdie geloof kom tot stand deur die werking van die Heilige Gees.

Die instrument wat die Here gebruik, noem die apostel die *dwaasheid van die prediking* (1 Kor 1:21, 1953). Die dwaasheid gaan nie om die preek as metode nie, maar om die inhoud van die prediking: Jesus Christus wat gekruisig is. Alles wat Jesus gedoen het om redding te bring, is in die oë van die wêreld louter dwaasheid.

Dit bly só, totdat die **Heilige Gees** 'n mens anders oortuig. Wanneer die Heilige Gees 'n sondaar wat die boodskap van Christus as gekruisigde hoor, oortuig, verander alles.

Paulus noem die evangeliewoord die *krag van God* (1:24, vgl ook :18) – dit is 'n woord wat die een wat weens sy eie sondes en sondigheid verlore gaan, uit die dood wegruk tot die lewe. Terwyl die Jode die werking van die beloofde Messias wil sien in uiterlike tekens van oorwinning, is Christus se kruisdood nie 'n demonstrasie van swakheid of onvermoë nie, maar juis die enigste kragtige aanpak van die sonde en skuld. God staan met sy mag agter Christus – Christus is die Almagtige Seun van God. Deur die krag van die evangelie word sondaars wat verlore was, verlos; behoort hulle vir ewig aan God.

Terwyl die Grieke wysheid gesoek het in een of ander filosofie, blyk die evangelie regtig die *wysheid van God* te wees, Uiteindelik sal blyk dat die selfverloëning van Christus geen dwaasheid was nie, maar juis die enigste daad waardeur mense wat in sonde geval het, weer die heerlikheid en lewe ontvang.

God het 'n bepaalde **doel** met sy verlossingsboodskap; met die wyse waarop Hy sondaars red: *Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie. Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing. Daarom, soos daar geskrywe staan: “Dié wat wil roem, moet in die Here roem”* (1 Kor 1:29 - 31). God wil alle roem in die mens en sy prestasies beëindig. Nie my eie verdienste of waarde stel my veilig voor die Regter nie. Voor God leef mense uit genade alleen. Ons staan voor God as ontvangers, sonder enige aanspraak dat Hy ons sal begunstig. Niemand het enige grond vir roem voor die Here nie.

Ek en jy en ons almal saam kan alleen in die Here roem. Met dankbaarheid wys ons Hom aan as die enigste Een aan wie alle eer toekom.

### **Slot**

God roep mense deur sy Woord te laat verkondig. Die kern van sy boodskap is: Jesus Christus het aan die kruis vir ons sondes gesterf en is ons verheerlikte Here. Elkeen wat hierdie boodskap hoor, word daardeur tot geloof geroep.

Almal glo nie. Die meeste weier om die boodskap van verlossing deur die kruis te aanvaar. Die Jode het dit as neerlaag beskou; die Grieke as dwaasheid.

In sy genade spits die Here sy roeping toe op mense uit beide Jode en nie-Jode. Deur sy Gees maak Hy mense ontvanklik vir die boodskap van Jesus Christus as Verlosser en Here. Hulle reageer positief op God se roeping. Hulle kom tot geloof. Jy ontvang die roeping elke keer wat jy die Woord hoor. Hoe reageer jy op God se roeping?

**AMEN**